**Boekmerk (Marlise Joubert)**

kinders
met wange soos mossies
wat teen elke oggend stoei
hande altyd woerende vlerke
elke lyfie 'n seilendegesang –
vlak bo die waterspieël
van 'n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljare proe
waar sy ook kon mor
en protesteer:

waarom is alles altyd ver
waarom is alles altyd hier
waarom moet ek leer
van optel aftrek deel
van dooie digters
uit die toentertyd
en watter land sit waar
en waarom draai die son

toe maak sy die dag weer oor –
met elke skoolklok werk sy
namens mossiekind:

kom ons pars die wind
met wange soos soldaatjies

totdat elkeen net die geur
van jasmyn kan boekmerk
teen die onheil van ons
ellelange reis

**Boekmerk (Marlise Joubert)**

kinders a
met wange soos mossies b
wat teen elke oggend stoei c
hande altyd woerende vlerke d
elke lyfie 'n seilendegesang – e
vlak bo die waterspieël 7 f
van 'n klipvloergang e

vlytig stort die druppels klank g
oor haar uit totdat sy verbaas h
die reuk van bittersoet jasmyn i
uit haar skooljare proe j
waar sy ook kon mor k
en protesteer: l

waarom is alles altyd ver m
waarom is alles altyd hier n
waarom moet ek leer l
van optel aftrek deel o
van dooie digters p
uit die toentertyd q
en watter land sit waar r
en waarom draai die son s

toe maak sy die dag weer oor – t
met elke skoolklok werk sy u
namens mossiekind: v

kom ons pars die wind v
met wange soos soldaatjies w

totdat elkeen net die geur x
van jasmyn kan boekmerk y
teen die onheil van ons z
ellelange reis A

- Boekmerk: strokie leer/karton/papier tussen blaaie geplaas om aan te dui hoe ver jy gelees het
- wange: sykant van die gesig (cheeks)
- mossies: 'n klein, valerige voëltjie
- teen elke oggend stoei: nie lus vir skool nie
- woerende vlerke: vlerke (wings) wat 'n woer-geluid maak
- lyfie 'n seilendegesang: (small body is a sailing song)
- vlak bo die waterspieël: (shallow); (height of the water)
- klipvloergang: (passage of stone)
- vlytig stort: (industriously/hard-working/diligently spill)
- verbaas: (surprised)
- jasmyn: tuinplant met welriekende geur; as parfuum gebruik
- proe: (taste)
- mor: (murmur/grumble)
- optel aftrek deel; dooie: (add, subtract, divide); (dead)
- toentertyd: (long ago)
- skoolklok: (school bell)
- namens mossiekind: (on behalf of a child of a sparrow)
- pars: (press)
- soldaatjies: (soldiers)
- geur: (smell)
- onheil: (danger)
- ellelange reis: (extremely long trip)

**Boekmerk (Marlise Joubert)**

kinders
met wange soos mossies
wat teen elke oggend stoei hande
altyd woerende vlerke elke lyfie 'n seilende
gesang – vlak bo die waterspieël
van 'n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljareproe
waar sy ook kon mor
en protesteer:

waarom is alles altyd ver
waarom is alles altyd hier
waarom moet ek leer van
optel aftrek deel van dooie digters
uit die toentertyd
en watter land sit waar
en waarom draai die son

toe maak sy die dag weer oor –
met elke skoolklok werk sy
namens mossiekind:

kom ons pars die wind met
wange soos soldaatjies

totdat elkeen net die geur
van jasmyn kan boekmerk
teen die onheil van ons
ellelange reis

alleenplasing: hef die boodskap v.d. gedig uit

INTERTEKS: Bybel (mat. 10:29 – mossies is vir Godbelangrik, nes kinders

vergelyking - (☞ onder)

metafoor: hande is soos woerende (klanknabootsing) vlerke

metafoor: elke lyfie is soos 'n seilende gesang (ook personifikasie); dié onnie (die spreker i.d. gedig) sien elke kind (lyfie) as 'n dank- of pryslied; dalk ook sang van mossies

die blink v.d. skool se gang – waaroor elke kind beweeg soos mossies oor die blink opp. van water

personifikasie

oksimoron:twee teen-strydighede in dieselfde woord

Enjambemente: beeld kinders se beweging/aktiwiteit uit

paradoks: skynbare teenstrydigheid

onnie onthou haar eie skooldae en plaas haarself i.d. kinders se skoene: hoekom moet hulle elke dag soveel dinge leer?

sinestesie: kombinasie van 2 sintuie

assonansie

herhalende murmurerende vrae – bind gedig tot 'n eenheid

inkepings (r 6,7,14-21, 25-30: hef die boodskap v.d. gedig uit

alliterasie

net twee soorte leestekens: beklemtoon wat daarna kom

mossies het wit/swart wange met sagte donsies bedek; lyk ook soos soldaatpette met flappe

Vergelyking: voorberei vir die lewe

Net soos Jasmyn in 'n boek gepars word, word mossies se wange ook deur diewind teen hul wange gepars; boekmerk – waarna leerders eendag terug kan blaai na dae van vrede en geluk

Elke dag van die lewe moet spesiaal wees.

TEMA: Onnies het groot invloed op leerders en moetdit positief inspan

PROGRESSIE: Onnie is eers net 'n toeskouer, maar later dink syaan haar eie skooldae enleer leerders oor die lewe (ons r25, 29).

**Vrae:**

1. Kies die regte antwoord:

   ‘n Boekmerk is (iets wat vir jou aandui waar jy laas ophou lees het / ‘n merk wat ‘n kind met ‘n pen in jou leesboek gemaak het).

2. Waarom begin die eerste reël van die gedig met slegs een woord? …………………………………….

   ……………………………………………………………………………………………………………………………………

3. Watter TWEE dinge word in reël 1 en 2 met mekaar vergelyk? ……………………………………………

   ……………………………………………………………………………………………………………………………………

4. Uit watter interteks kom die word “mossie” waarskynlik? ……………………………………………………..

5. Watter woord in die eerste strofe skakel met die idee in (4) genoem? ………………………………..

6. “(W)oerende vlerke” in reël 4 is ‘n metafoor, en ‘n metafoor is maar net ‘n vergelyking in gekonsentreerde / korter vorm. Herskryf die metafoor sodat dit ‘n vergelyking word. …………

   ……………………………………………………………………………………………………………………………………

7. Waar is die “waterspieël / van ‘n klipvloergang”? ………………………………………………………………..

8. Vul die ontbrekende woorde in oor strofe 2. Gebruik van die moontlikhede wat in die lys gegee word:

| |
|---|
| sluk enkele reën predikant onthou onderwyseres leerders die gemeente gemor skooldae preek gemoor |

   Die spreekster, wat ‘n …………………………………… (d.w.s. haar beroep/werk) is, luister na die

   ……………………………… klanke (woorde) van ……………………………………, en sy ……………………………

   dan haar eie ………………………………… toe sy ook oor dinge …………………………… het.

9. Skryf die paradoks neer wat in strofe 2 genoem word. …………………………………………………………..

   ……………………………………………………………………………………………………………………………………

   ……………………………………………………………………………………………………………………………………

10. Noem die drie vakke wat in strofe 2 genoem word. ……………………………………………………………….

    ……………………………………………………………………………………………………………………………………

11. Vervang die woord “wange” in “wange soos soldaatjies” (reël26) met ‘n ander woord.

    ……………………………………………………………………………………………………………………………………

12. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

"elke skoolklok" (reël 23) verteenwoordig (pouse / skooldag).

13. Van die begin van die gedig af word die kind en die mossie met mekaar vergelyk. Watter woord dui aan dat die twee later een/'n eenheid word? …………………………………………………….

14. "(B)oekmerk" in reël 28 het nou 'n metaforiese betekenis. Verduidelik hierdie betekenis.

……………………………………………………………………………………………………………………………….

15. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Staaf jou stelling deur slegs EEN WOORD uit strofe 6 aan te haal.

"ellelange reis" (reël 30) beteken dat die reis vervelig is. …………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………………………….

16. Kies die stylfiguur uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter en die regte syfer langs mekaa neer, bv. D 16.4

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| A alleenplasing | 16.1 met wange soos soldaatjies |
| B metafoor | 16.2 dooie digters |
| C personifikasie | 16.3die reuk van bittersoet jasmyn |
| D sinestesie | 16.4 elke lyfie 'n seilende gesang |
| E vergelyking | 16.5 die reuk van bittersoet jasmyn<br>uit haar skooljare proe |
| F alliterasie | 16.6 vlak bo die waterspieël<br>van 'n klipvloergang |
| G oksimoron | 16.7 waar sy ook kon mor |
| H assonansie | 16.8 vlytig stort die druppels klank |

17. Voltooi die ontbrekende woorde:

Die TEMA van hierdie gedig is dat ……………………………………… groot invloed op …………………. leerders het en dit moet ………………………………. ingespan word.